Die Wapad

JAARGANG XX — WOENSDAG 7 APRIL 1965 — NR. 4

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.



FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

IN U LIG

DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering
SAM 1963


# BALANS NOODSAAKLIK

## Gradedagtoespraak

**„DIE BALANS tussen die natuur- en geesteswetenskappe moet herstel word. Die laboratoriums is die katedrale van aanbidding van 'n nuwe lewe waarin die gees van die mens verlore gaan," het appèlregter F. L. H. Rumpff gesê toe hy 'n geleentheidswoord gespreek het tydens die gradeplegtigheid van die Potchefstroomse Universiteit.**

**„Die mens wat soveel kennis verwerf het op die gebied van die natuurwetenskappe staan magteloos teenoor homself. Deur sy kennis van Fisika en Chemie oefen hy beheer uit oor 'n magdom van kragte, maar oor sy eie brein het hy geen beheer nie."**

Regter Rumpff het gesê die natuurwetenskappe maak 'n groot aantal geriewe vir die mens moontlik. Hierdie ontwikkeling is egter soos klatergoud. Dit veroorsaak 'n gejaagde lewe en skep neurotiese mense. Die natuurwetenskap eis al hoe meer geld asook die breinkrag van die jeug.

**GEJAAG**

In hierdie gejaag na tegnologiese ontwikkeling het die mens nie ontwikkel nie en tas hy rond op soek na 'n eie waarde. Om die rede is dit van die grootste belang dat die balans herstel moet word sodat die wetenskappe van die gees nie verlore sal gaan nie. Hieronder val veral die Psigiatrie Sielkunde en Sosiologie.

Die P.U. vir C.H.O. kan 'n groot rol speel in die herstel van die balans, het hy gesê. In die moderne wetenskap word twee radikale interpretasies van die Bybel gevind. Die een groep wil die Heilige Skrif aanpas by die mens en die ander ignoreer dit geheel en al.

**IN U LIG**

„Hierdie Universiteit pas nie een van die twee toe nie omdat dit getrou is aan sy leuse, deur „In U Lig" te wandel, en die liefde aan God en die mens as die hoogste gebod te aanvaar. Om die rede is dit noodsaaklik dat die P.U. daardie geesteswetenskappe sal aanvoer wat die mens terug na die fontein van die lewe sal lei."

**PROBLEME**

In die praktyk is daar vier geestesprobleme wat veral aandag verdien, het hy gesê.

By die mens is daar voortdurend 'n drang tot ontoelaatbare geweld en haatuiting. In gesublimeerde vorm vind dit uiting in sport en selfs ontgroening. Meer ernstig is die sieklike drang tot selfmoord.

Bloot tegniese verbeteringe gaan nie die slagting op die paaie bekamp nie, het hy gesê. Ook kan egskeidings nie in Suid-Afrika se howe opgelos word nie. 'n Vierde probleem is die van drankmisbruik wat 'n baie meer direkte verband met egskeidings het as die gebruik om te dans.

Om hierdie probleme te bekamp, stel regter Rumpff 'n instituut vir psigiatriese navorsing en 'n sosiologiessielkundge navorsingsinstituut voor. Daar moet ook 'n aantal parlementslede sonder kiesafdelings aangestel word wat hulle onverdeelde aandag aan die mens se geestesprobleme kan wy.

**Tydens dié geleentheid is daar aan 455 persone grade toegeken waaronder elf doktorsgrade was. Die graad D. Phil is posthuum aan wyle mnr. J. P. Duvenage, in lewe dosent aan die P.U., toegeken. Drie dames, mejj. Marita Brink, Nettie Pienaar en Chrissie Venter het drie onderskeidings elk in die B.A. behaal terwyl mev. Helena van Zyl, 'n moeder van vier kinders, vier onderskeidings vir die B.Comm. graad verwerf het.**




## Arbeid beloon



**Die Kanselier van die P.U., min. Jan de Klerk, ken hier die B.Sc.-graad aan mnr. Danie van Wyk, hoofredakteur van die S.A.-Student toe. Mnr. Van Wyk is een van die 455 studente wat 'n graad ontvang het.**

*Foto: Fotokuns*

## Kommunisme floreer as Godsdiens begin kwyn

**„DIE Kommunisme floreer waar die geloofslewe kwyn". So het dr. D. J. Vorster verlede week gesê toe hy 'n massavergadering in die Totiussaal oor die Kommunisme toegespreek het. Dr. Vorster is aktuarius van die N.G. Kerk en voorsitter van Antikom.**

Volgens dr. Vorster rus daar 'n belangrike taak op die skouers van die Calvinistiese jeug om in die krisisjaar van 1965 hierdie grootste vyand van die Christendom die hoof te bied. „Alleen wanneer die Afrikaner weer na sy Calvinistiese lewenshouding terugkeer kan hy sukses verwag."


„Die Kommunisme is nie onoorwinlik nie, maar dan is dit nodig dat die jeug tot positiewe optrede aangespoor moet word. Die onderwys moet gemobiliseer word en 'n suiwer Christelik-Nasionale stelsel moet dwarsdeur die land verkry word. 'n Praktiese program van aksie moet ingestel word. Die jeug moet energiek en wakker wees met 'n onwrikbare geloof in die ware God," het hy gesê.

Dr. Vorster het voorts gesê dat die Kommunisme die lewensbeskouing van die verwronge mens is wat deur haat aangevuur word. Dit is ook 'n nihilistiese reaksie teen die Westerse beskawing waarin die Christelike godsdiens as opium vir die volk beskou word.

„Die Kommunisme is niks anders as terugkeer na die barbarisme nie," het hy gesê. „In die woorde van Marx ken hierdie ideologie geen reg, morele sedes of godsdiens nie. Dit sypel orals onder die dekmantel van allerlei mooi klinkende name in. So is Martin Luther King, die groot „vryheidsvegter" in die V.S.A., 'n lid van die Tennessee Communist Training School en sy Kommunistiese verbintenis met die Wêreldraad van Kerke onteenseglik bewys. Die moderne kuns skep ook probleme omdat dit chaos in die hand werk en nie die basiese beginsels van Christelike ordelikheid en moraliteit bevorder nie."

„Beroepskole vir die opleiding van saboteurs waar mense geleer word om weersinwekkende dade te pleeg en waar bose sameswerings teen die hele Weste beoog word, word ook ingespan om Suid-Afrika te verower."

„Dit moet die taak en die roeping van die Christelike universiteit wees om ook die Liberalisme op elke terrein te beveg omdat die Liberalisme die padmakers vir die Kommunisme is, het dr. Vorster gesê.



**Mnr. Chris Putter is deur die Studenteraad as hoofredakteur van die Besembos vir 1965 aangewys. Hy neem die plek in van mnr. Hannes van der Walt wat die Puk verlaat het.**

Na verneem word sal die tema van vanjaar se Besembos „Die moderne wêreld en wetenskap" wees.

*Foto: Fotokuns*

## Inlywing behou? Massa stel standpunt

Hoe voel die P.U.-studente oor die afskaffing van inlywing? Antwoord hierop is onlangs met 'n spesiale massavergadering verkry toe 'n mosie ingedien is waarin versoek word dat die besluit van die Studenteraad om inlywing af te skaf, in heroorweging geneem moet word.

**VERSKEIE SPREKERS**

Verskeie sprekers het die mening uitgespreek dat die beginsel van inlywing behoue moet bly. Hulle was egter daarmee eens dat die inlywing drasties verander moet word. Mnr. G. Scholtemijer het gesê dat die Universiteit 'n spogontgroening nodig het waarmee hy hom na buite kan verantwoord.

**IN U LIG**

Mnr. Hans Malan het die besluit van die Studenteraad gesteun en gesê: „As ons die ontgroening gaan toets aan die beginsel van „In U Lig" skiet dit ver te kort. Hy het verwys na wanpraktyke wat in die verlede plaasgevind het.

## Naweek-kursus

**'n Jaarlikse naweek opknappingskursus vir redakteurs van studentekoerante sal in die toekoms op Potchefstroom gehou word. Die besluit is op die onlangse Afrikaanse Studentepersunie konferensie in Pretoria geneem 'n Voorstel dat die kursus in Bloemfontein gehou moet word omdat dit meer sentraal geleë is, is van die hand gewys. Die konferensie het besluit dat die P. U. die aangewese plek is aangesien professionele leiding van die Departement Perswetenskap alhier verkry kan word.**

## Puk wen vasvra

**'n Span van die Puk het verlede week daarin geslaag om 'n span van die Afrikaanse Studenteklub van Wits in 'n inter-universitêre vasvrawedstryd te klop.**

# KUNSGESELSIE

IMPRESSIONISME is die wêreld wat 'n bysiende persoon waarneem as hy sy bril afhaal." Glo dit as u wil, maar dis 'n stelling wat 'n student eenmaal in 'n eksamen gemaak het! Hoewel eintlik lagwekkend, steek daar tog 'n klein bietjie waarheid in, in die sin dat die duidelik afgebakende lyne en beklemmende detail van die alledaagse wêreld vir die bysiende persoon verlore gaan. Maar wanneer daar in ag geneem word dat die Impressionisme hoofsaaklik die kuns van sien, van waarneem, is moet die twyfelagtige definisie beslis verwerp word.

### SKAKERINGE

Geen ander styl in die skilderkuns gee soveel skakeringe aan 'n eenvoudige kleur, soveel dieptes aan 'n skaduwee of soveel vlakke aan 'n ligbol as juis die Impressionisme nie. Geen ander skool van skilders was ooit so aangetrek deur die beweging en weerkaatsing van lig en deur die malende, skone kleuremassa wat eintlik maar die wêreld is waarin ons almal leef nie; geen ander styl weerkaats in 'n enkele doek soveel uitbundige lewensblyheid of glansende skoonheid wat uit die natuur self gehaal is, deur net te sien in die ware sin van die woord nie. Hulle wil gee wat die oog sien, sonder vergeesteliking, sonder besinning. Monet vertel aan 'n Amerikaanse skilder: "(That he wished he had been born blind and then had suddenly gained his sight so that he could have begun to paint in this way without knowing what the objects were that he saw before him."

### WERKLIKHEID

**Hulle eis vir die kunstenaar die reg om die werklikheid te skilder soos hulle alleen dit sien soos die gewone mens geweier het om te glo dit kan gesien word: wit sneeu met pers skaduwees, skildering met 'n bonte samestelling van vegies en toetse wat die fisiese oog op die regte afstand verbind tot 'n tintelende spel van deur die lig geskepe kleurnuanses.**

### LEWENDE TONEEL

Hoe anders as deur 'n impressionistiese siening sou die reënerige, rokerige stasie van Sant-Lazae omtower kon word tot 'n lewende, skitterende toneel soos Monet dit weergee? In sy **Vrou wat Lees** slaag Renoir daarin om uit 'n heel onaantreklike model in 'n betreklike donker hoekie 'n verbysterende studie van lig en kleur te tower met skynbaar onoorwoë kwasstrepe.

### REFLEKTEER

Die Impressionisme reflekteer die filosofie van die negentiende eeu wat gegrond was in die hoop dat die mensdom hom sal bevry van sy verslawinge en sal voortleef in 'n wêreld van lig en kleur en vreugde. Die Impressioniste wou, soos Goethe, aan die lewe roep: „Staan stil, jy is te wonderskoon!"

**Die dapperheid en vrymoedigheid van hulle kuns was dikwels die oorsaak daarvan dat hulle in die uiterste armoede en ellende en tragedies beland het. Veral Renoir, Monet en Pissarro het ontbering gehad wat vandag meer na legendes as na die waarheid klink.**

Die Impressionisme is glad nie 'n styl van die verlede nie. Die oorweldigende neigings wat met die jare na ander kunsrigtings gekom het, het die Imperssionisme glad nie aangeraak nie. Dis veral opvallend dat die jonger geslag kunstenaars van die wêreld nog net soveel voorkeur aan Impressionisme gee as aan die abstrakte vorms.

### BREEK

Die Impressioniste wou breek met die tradisionele siening van die natuur. Hulle siening van die lewe in sy geheel, of in sy verskillende fasette, is modern sonder om afgemat en lewensmoeg te wees. Omdat die mens vandag in 'n groot mate kontak met die natuur verloor het, bejeën hulle dit tans, moontlik onbewus, met 'n soort afkeer. Bogenoemde karaktertrek van die Impressionisme is dus heel waarskynlik die oorsaak van die aanvaarding daarvan deur die jonger geslag.

Die feit dat die impressionisttiese kuns heeltemal profaan en sonder vergeesteliking is, kan natuurlik ook bydra daartoe dat die andersins so opstandige moderne geslag kunstenaars — en publiek — die kuns nog heeltemal aanvaar. Monet is nie verniet deur Courbet „die man wat nie engeltjies skilder nie" genoem nie."

Dan is daar nog 'n eie skoonheid en suiwerheid aan die Impressionistiese styl verbonde wat dit tydloos maak; 'n towerkrag eie daaraan wat verseker dat die werke van die skilders vir ons 'n nimmereindigende bron van vreugde en skoonheid bly.

H.M.

# Uitvoering van bekende trio

Die Collegium Musicum van die P.U. het sy eerste program op Donderdag, 25 Maart, in die Konservatoriumsaal aangebied in die vorm van 'n trio-uitvoering.

Die trio, bestaande uit Susan Sauerman (viool), Betty Pack (tjello) en Hennie Coetzee (klavier), het werke van Beethoven, Brahms en Dvorak uitgevoer.

Dit was 'n besonder suksesvolle uitvoering, maar die bywoning kon, soos gewoonlik, veel beter gewees het.

H. M.



**Die drie kunstenaars wat in die eerste program van die Colleguim Musicum opgetree het. V.l.n.r.: Susan Sauerman, Hennie Coetzee en Betty Pack.**

*Foto: Fotokuns*

# Plaaslike kunstenares stal werke uit

**Frédel Swart, 'n bekende Potchefstroomse kunstenares, het verlede week van haar werke in die P.O.K.-biblioteek uitgestal. Mnr. G. M. Ballot, voorsitter van die Potchefstroomse kunsklub het die uitstalling op Maandag, 22 Maart, geopen.**

Mevrou Swart is 'n outodidaktiese kunstenares, maar het tog vroeë leiding van Bettie Cilliers-Barnard ontvang, veral wat die liniêre kuns betref. Invloed van hierdie bekende kunstenares is nog in haar werke te bespeur.

Sy toon 'n ooreenkoms met Gézanne daarin dat sy nie in lyn en kleur skilder nie, maar in vlakke: dit wil sê 'n kombinasie van kleur en lyn. Die vlakke doen die werk van modulasie. Hoewel sy die kubistiese neiging toon om slegs in vlakke te skilder, maak sy tog nog in 'n mate van kleurtone gebruik.

**Haar vroeëre werke is meer realisties, soos byvoorbeeld Seun met Stok. Sy is egter te geneig om koue kleure te gebruik wat veroorsaak dat haar werke... 'n baie... koue... indruk maak (Die Duiwe). In haar werke van die afgelope drie jaar maak sy meer van warmer kleure gebruik — die werke is ook meer abstrak.**

Frédel Swart het 'n goeie kennis van kleur, maar kleur self is nie vir haar belangrik nie. Dit is jammer, want hoewel sy dit nie besef nie, doen dit die vlak skade aan. Twee werke waarin sy wel vlak tot volle uiting bring, is **Stillewe met Vrugte** en **Moeder en Kind.**

Die uitstalling was in die algemeen baie geslaagd en het groot belangstelling by die kunskenners van Potchefstroom en omgewing uitgelok.

E.v.d.W.

# Genotvolle aand

Die publiek van Potchefstroom het op Saterdagaand, 20 Maart, die geleentheid gehad om na 'n sang- en klavieruitvoering deur drie bekende kunstenaars, Joyce Barker (sopraan), Gè Korsten (tenoor) en Hennie Joubert (klavier) te luister. Die konsert is aangebied deur TRUK.

### PRAGTIGE STEM

In die eerste helfte van die program het die sangers hulle toegelê op kunsliedere en in die tweede helfte op opera-arias en duo's. Joyce Barker beskik oor 'n pragtige, ryk stemkwaliteit wat veral in die dramatiese opera-arias ten volle na vore gekom het.

Gè Korsten, 'n ou bekende in Suid-Afrikaanse operakringe, het gesorg vir mooi wisselende stemmige in sy uitvoering.

E.v.d.W.

# *Pukke in die kunswêreld*

*Hierdie is die eerste van 'n reeks waarin bekende skrywers en kunstenaars wat aa ndie PUK studeer het, aan Wapadlesers voorgestel word.*

Sarel Jacob Pretorius, die bekende digter, is in 1917 te Postmasburg gebore. Hy bekwaam hom aan die P.U. vir C.H.O. as onderwyser, word later joernalis en nog later tree hy in diens van die S.A.U.K. Sedert 1963 is hy verbonde aan die Universiteit van Suid-Afrika, nadat hy 'n tydlank in Nederland studeer het.

Hy skryf liriese, belydende poësie, maar dis veral sy deernisvolle, soms roue uitbeelding van die stad wat 'n mens opval. In sy stadspoësie, sy gebruikmaking van die ,,onpoëtiese'' woord en sy voorkeur vir die kwatryn, is hy tiperend van die veertigers.

Hy bereik 'n hoogtepunt met die digbundel **Die Mummie** in 1964. Ander werke van hom wat verskyn het, is Vonke (1943), Die Arbeider (1945), Grou Mure (1945), In keer (1948) en Die Swyende God (1949).

Hy doen ook heelwat vertaalwerk, onder andere Die Muur van Rostard in 1962, en Die Inspekteur-Generaal van Gogolj in 1963.


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.


Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING



DIE BULT-APTEEK

Tomstr. 88b & c — Tel. 5943

*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*

TX MODISTE
(Bentie Edms. Bpk.)
Eksklusiewe Damesalon
Kerkstraat 183 Tel. 4856

# PUK-FISIOLOOG NA WERELDKONGRES

**'n Besondere eer het onlangs een van die P.U.-dosente, dr. P. J. Pretorius van die departement Fisiologie, te beurt geval.**

Dr. Pretorius het 'n uitnodiging ontvang om 'n referaat te lewer op die eerste Wêreldkongres oor Ballistokardiografie en Hemodinamika wat in April vanjaar in Amsterdam, Nederland plaasgevind.


KWALITEIT

**In 1962 het dr. Pretorius, wat toe in Amsterdam gestudeer het, ook op die derde Europese Kongres te Brussel 'n referaat gelewer. Een van die wêreld se bekendste fisioloë, prof. dr. Sharborough, van die Universiteit vir Mediese Wetenskappe in Washington, het in 'n samevattende verslag oor laasgenoemde kongres spesiaal melding gemaak van die kwaliteit van die navorsing waar oor die lesings van dr. Pretorius gehandel, het.**

P.U. NAVORSING

Op die kongres wat dr. Pretorius vanjaar bywoon sal hy veral aandag gee aan die navorsing wat hy gedoen het aan die P.U. sedert hy uit Nederland teruggekeer het. Dr. Pretorius se navorsing handel oor die hemodinamika van die witrot. Die ondersoek op die witrot dien as eerste fase van die navorsingsprogram om 'n geskikte metode te vind vir 'n vroeë diagnose van hartdefekte, soos koronêre trombose.

Apparaat ter waarde van R20,000 is deur die Universiteit in samewerking met die WNNR vir hierdie doel aangekoop.



**Dr. P. G. W. DU PLESSIS wat na Port Elizabeth vertrek**

*Foto: Fotokuns*

# BEKENDE WYSGEER NA PORT ELIZABETH

**DR. P. G. W. du Plessis, lektor in die Wysbegeerte aan die P.U., vertrek eerdaags na Port-Elizabeth waar hy as hoof van die departement Wysbegeerte aangestel is.**

Dr. Du Plessis het al sy grade (B.A., M.A. in die Wysbegeerte en D.Phil) aan die P.U. met lof behaal. In 1963 het hy senior-lektor in die Wysbegeerte geword. Vanaf 1955-1957 het hy met 'n Uniebeurs vier universiteite in Duitsland en Nederland besoek met die oog op 'n ondersoek vir sy proefskrif, het prof. H. G. Stoker, bekende wysgeer) in 'n onderhoud gesê.

STUDEER OORSEE

Dr. Du Plessis het, behalwe sy proefskrif, etlike artikels in binne- en buitelandse tydskrifte gepubliseer.

Verder is hy 'n voltydse medewerker van die Internasionale Calvinistiese tydskrif „Philosophia Reformata" en ook die stigter en stukrag agter die plaaslike tydskrif „Perspektief."

NAAM GEMAAK

Dr. Du Plessis is ook lid van die Nederlandse Vereniging vir Calvinistiese Wysbegeerte, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Wysbegeerte, die Sielkundige Instituut van die Republiek van Suid-Afrika, Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap, die Vereniging vir Christelike Onderwys en die plaaslike Wysgerige Studiekring.

Dr. Du Plessis het nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in Nederland naam gemaak met sy skitterende proefskrif oor die „Etiese Behore" by M. Heidegger, K. Jaspers, J. P. Satre en S. De Beauvoir. Dr. Du Plessis staan inderdaad besonder hoog aangeskryf in die onderskeie wysgerige kringe in Suid-Afrika en prof. Stoker gee hom 'n plek onder die bekendste wysgere in Suid-Afrika.

GRONDBEGINSELS

Getrou aan die grondbeginsels van sy Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, is hy wysgerig anti-dogmaties en anti-doktrinaristies met 'n oop oog vir die waarhede van die onderskeie nuanses van die Calvinistiese Wysbegeerte, maar ook vir die waarheidsmomente van ander sisteme.

OORSPRONKLIK

Iets wat veral in hom waardeer word is sy oop gesprek met andersdenkendes asook sy kritiese sin en logiese skerm aanval en verweer. Sy oorspronklikheid in die navorsing is veral van groot betekenis, sê prof. Stoker.

Sy vertrek is vir die universiteit inderdaad 'n verlies en hoewel hy as professor na Port Elizabeth gaan, sal persoonlike bande wat hom aan hierdie universiteit gebind het, hom altyd 'n plek gee in die harte van studente en dosente. Prof Stoker het die hoop uitgespreek dat hy ook vir die universiteit van Port Elizabeth sal beteken wat hy nog altyd vir die P.U. vir C.H.O. beteken het.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# INTERUNIVERSITÊR

**DIE daarstelling van die Engelstalige persunie eendersyds, en en die pogings van A.S.P.U. aan die anderkant om studentenuus uit te ruil is besig om vrugte af te werp.**

Die eerste persvrystelling van SANSPA (South African National Student Press Association) is reeds deur Afrikaanse universiteite ontvang, hoewel A.S.P.U. nie met SANSPA skakel nie.

Die nuus van SANSPA kan deur Afrikaanse studentekoerante na goeddunke gebruik word, en daar het reeds in die Perdeby (U.P) en in die Irawa (Ukovs) van die nuus verskyn.

(Die Wapad sal in die toekoms ook van die nuus gebruik maak, insoverre dit inpas by die beleid van die koerant. Langs hierdie weg word dank aan SANSPA vir die verskaffing van die nuus uitgespreek.—Hoofred.)

## V.S.A.

PHILADELPHIA. — 'n Sekere groep linkse studente aan twee Amerikaanse universiteite wat reeds lank vir hulle regte betoog het uiteindelik erkenning gekry.

In New York en in Maryland gaan banke spesiaal vir linkshandiges aangebring word. Die veranderings in Maryland is teweeggebring deur die vertoë in die briewekolom van die studentekoerant, The Diamondback

(SANSPA-CPS)

## Maties

Ten einde die joernalistieke standaard van die groot aantal jaarlikse Stellenbosch-publikasies te verbeter, is daar onlangs 'n kort lesingkursus in joernalistiek in Matieland aangebied. Die kursus is in samewerking met die Nasionale Koerante gereël. Die kursus is aangebied as huldeblyk vir die rol wat dr. D. F. Malan, in lewe premier van Suid-Afrika, hoofredakteur van DIE BURGER en kanselier van die Universiteit van Stellenbosch as joernalis in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse perswese gespeel het.

## Ikeys

As protes teen die Regeringsbesluit in verband met veelrassige sosiale byeenkomste, het die Studenteraad van Ikeys besluit dat geen amptelike danse voortaan op die Kampus gehou sal word nie alvorens sodanige danse nie vir studente van alle rassegroepe oop is nie.

## A.S.B.

In 'n persverklaring uitgereik deur die A.S.B. Beleidsraad word die houding van die Studenteraad en Rektor van Wits in verband met 'n protesvergadering oor die inperking van prof. Roux sterk betreur. 'n Ernstige beroep word gedoen op Wits en sy Rektor om uit hulle liberalisteise droomwêreld wakker te skrik en nie op onverantwoordelike wyse te protesteer teen staatsordenende regulasies nie.

## Rhodes

Mnr. Eddie Webster, voorsitter van die Studenteraad, het in 'n onderhoud met die RHODEO 'n beroep op Rhodesstudente gedoen om by NUSAS aan te sluit ten einde Rhodes in staat te stel "to play a moderating role within NUSAS."

## P.O.K.

In verband met nuusuitruil met SANSPA sê die jongste uitgawe van die POOTJIE in sy hoofartikel: „Ons kan dus net hierdeur wen en niks verloor nie."

## Internasionaal

Tydens 'n internasionale studentekonferensie by die Cornell Universiteit gehou, het die bespreking betreffende die rol wat studente in die gemeenskap moet speel, gevarieer vanaf standpunte dat studente 'n aktiewe aandeel in nasionale aangeleenthede moet hê (Amerika en Brittanje) tot standpunte dat studente hulle heeltemal moet onttrek (voorgestel deur Libië).

## N.K.P.

Op 'n massavergadering van N.K.P. is afkeur eenparig uitgespreek teenoor diegene wat 'n betoging oor die „afskaffing van studenteregte" gehou het, asook oor die verdraaide persberigte wat na aanleiding daarvan verskyn het.

## Ikeys

VARSITY van Ikeys berig dat mnr. Gert van Zyl, Studenteraadslid en voorsitter van die C.SA., moontlik geregtelike stappe teen die Universiteit gaan instel om outomatiese lidmaatskap van NUSAS te beeindig.

## Wits

Die tekort aan parkeerterrein op die Wits-kampus het daartoe gelei dat die aantal parkeertoekennings aan studente aansienlik ingekort is. Die owerhede handhaaf egter die standpunt dat seniors voorkeur bo eerstejaars geniet wat die toekennings betref.

Op Ikeys gaan daar 'n Verkeershof daargestel word om met studente wat verkeersregulasies oortree, af te reken.




Elke Sigaret 'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig.

VRFA134

# GEKUS EN GEKEUR

**DAGSê aan 'n ieder, 'n een en 'n inkelte. Nee wag, ek moes eintlik gesê het „'n ieder twee en die paar inkeltes". My beroemde inleiding sal kort wees vandag, want ek het hope ander nuus; ek meen, 'n mens moet darem weet wat aangaan op hierdie plek.**

Neem nou maar die geval van Ditta van der Bijl en Louis van der Walt: party wil mos beweer dat geliefdes na mekaar lyk, maar sowat het ek nog nie gesien nie.

Fanus Heysteck leer glo nou vir Susan van Rooy hoe om 'n goeie predikantsvrou te wees. Het sy dan onderrig nodig?

**KUPIDO**

Iemand sê nou die dag vir my dat Kupido se pyltjies kan gaan slaap teen die pluimbal se pluime. Martie de Klerk en Tjaart Coetzee sê ook glo so, en nou hoor ek Vredene Hay en Marinus Kruger skree „hoor hoor!"

Iemand het Arnold Myburgh se hartsnare geroer. Is dit nie Edith Rohrs nie?

Rita Yssel en Dick Steyn is glo goed afgerig in ons afdeling.

'n Mens kan maar op Piet Venter reken om met iets goeds voor die dag te kom. Neem nou byvoorbeeld iets soos „Krappie" (al is dit net Petro Nel. Ja Piet, die Kenia-boere speel nie met 'n ding nie.

**NIE MAATS NIE**

Michiel Botha is baie bang die mense dink dat hy en Engela Strydom meer as net maats is.

Ans Schalekamp en Nols van Wyk is dik gekys. Nou vertel sy vir my sy „liz some more".

Ek is nou heeltemal in die war, want Centia de Kock praat van 'n Piet en 'n Pop in dieselfde asem. Solank die Piet net nie haar pop is nie, is alles reg.

Wie sê 'n hoenderboer hou nie ook voëltjies aan nie? Tok Serfontein het dan vir Joan Swart 'n budjie gebring.

**WEER PLUIMPIES**

Na 'n tydelike ‚wapenstilstand' is Philippa Marais en Gerard Overebeck weer dik „in".

Nog twee wat my storietjie van die pluimbal glo, is Ilse.

Dit gaan seker goed tussen Liana Jordaan en Chris van der Merwe, want sy sê vir hom „oubaas".

Gonda Heinichen dink glo dat alle „boys high" is maar Dick Mare bly glo die beste.

**ROTSVAS**

Koos Klip en Susie de Villiers se verhouding is na bewering so stewig soos 'n rots.

Magda van der Linde en Koos Grobler se dinge het by die ontheffingsdinee begin. Watse dinge?

Agna Smith het glo vir Jannie Breed van Pretoria af agternagesit en hom hier op die Puk kom vang.

Lettie van Wyk en Koert van der Merwe word gereeld by die volkspele gesien, nê?

Ananda Oosthuizen sê dis lekker om agter op 'n bromponie te ry; veral as Frans du Toit voorop sit.

**POS VIR POS**

Marita Post kry gereeld pos van Dewald Steyn en as sy nie pos kry nie, kom hy self.

Trek julle asems diep in: hier is ons al weer by die Van der Walts:

As dit nie Pieter Kempf en Martha van der Walt is nie, dan is dit Ina van Wyk en Schalk van der Walt, en hulle is nog nie klaar nie, of dis alweer Rene Vorster en Attie van der Walt.

**PEETPA IS REG**

Karel Roode het 'n gawe peetpa nê? Hy leen tot sy kar vir hom en Lieschen Rautenbach.

Party mense is gebore vir mekaar: Marba le Roux en Chris Aucamp is glo sulke mense. Erika Herbst en Piet van der Berg is ook nie spyt daaroor nie.

Retha van der Westhuizen en Johan Erasmus wil weet of hulle nou amptelik „gekerk" is: hulle het mekaar by die J.V. ontmoet.

Marteli du Plessis en Leon de Bruin se verhouding is volgens haar al ou nuus. Ek sal dit dus nie hier noem nie.

**VERLOOF**

**Julle ore tuit seker al by hierdie tyd, maar hier's nog so 'n koutjie vir die pad:**

**Geluk aan Lina Muller en Jannie Kapp met hulle verlowing en ook aan Hettie Jamneck en Jan van der Walt.**

Tot volgende keer,

Die uwe,

Kaaikie Kekkelbek.

---

CARBONDALE..... 'n Ondersoek aan die Suidelike Illinois Universiteit het aan die lig gebrng dat 172 verskllende vorms deur 'n student of sy departement voltooi moet word alvorens hy sy eerste klas kan bywoon.




*Dit is die snit wat tel . . .*

* Alba Broeke
* Mentone Pakke
* Monatic Hemde
* Battersby Hoede
* Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 3411

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*

ONS SPESIALISEER IN

MODERNE HAARSTYLE

DIE BULT

DAMESHAARKAPPER-SALON

TOMSTRAAT 86A TELEFOON 5537


TELEFOON 5136 KERKSTRAAT 180


# *Vat so, ou bees!!*



**'n Heildronk op die interkoshuis rugbywedstryd tusen Over de Voor en Taaibos van Tukkies.**

*Foto: Fotokuns*



**Die feit dat mens deesdae sulke lang, slap motors hier op die kampus gewaar, getuig onteenseglik daarvan dat daar indrukwekkende grootkoppe onder geledere is. Hierdie uiters merkwaardige Citroen is die eiendom van mnr. Richard Ingram, die voormalige drankmagnaat. Wie sal nou die feit kan betwis dat ons invloedryke mense in ons midde het, die ultra moderne motors is tog 'n bewys.**

*Foto: Fotokuns*

## Frankenstein is 'n feetjie

**Die rillerprent van die wese Frankenstein word nog altyd in die verkeerde lig gesien. Boris Karloff wat vir al die gruweldade in die Frankenstein-prente verantwoordelik is, is van mening dat mense hom 'n groot onreg aandoen deur die woord "gruwel of gruwelik" in verband met sy rolprente te gebruik. Volgens hom is dit niks anders as 'n tipe van feëverhaal waarin hy telkens die hoofrol vertolk nie; fantasieë wat nie die gruwelnaam van rillers verdien nie.**

**WAT Sê DIE DAMES**

Miskien moet die dames wat gereelde fliekgangers of Frankensteinbewonderaars is, vir ons sê wat hulle van die held en sy eienaardige "feëwêreld" dink. — Varia Red.

## As't ware 'n tweede Iswestia

**Gerugte het onlangs die ronde gedoen dat Brezjnef, die eerste sekretaris van die Kommunistiese party, gaan bedank. Hierdie verklaring het voortgevloei uit die feit dat die koerant Iswestia een dag nie sou verskyn nie.**

**Ons wil eintlik net hê bogenoemde feit moet as waarskuwing vir die geagte Wapadlesers dien. As die blad dalk een week nie verskyn nie is dit niks anders as 'n onheilspellende voorbode van een of ander wêreldkrisis nie, soos byvoorbeeld dat die voorsitter van die studenteraad stil-stil na Tarentaal verban is om die eerstejaars aldaar te oriënteer of dalk nog selfs die hoofredakteur van 'n bekende studenteblad wat soms sekere berigte deurlaat.**

# Kode vir rylopers bepleit grasie en sjarme

**Daar is nou glo so iets soos etiket op die wapad en selfs die hedendaagse ryloper sal hom blykbaar moet versoen met die talle konvensies in die moderne samelewing.**

Die dae van die amateurrylopers is skynbaar iets van die verlede. Dit gaan nou professionele duimgooiers wees wat met die nodige grasie en sjarme hierdie "kuns" met sukses sal kan beoefen.

Ja-nee, die ou snaar wat in die nuwe wêreld en onder moderne omstandighede nog soos 'n windmeul sy duime langs die hoofweg gaan swaai, het maar 'n skrale kans om ooit sy bestemming te bereik. Hierdie optrede sal glo voortaan 'n verloëning van beskawingskwalifikasies wees en dit sal enige motorbestuurder tot in sy diepste wese skok.

Vir die kraaie van ons nasionale paaie (dis nou die wat nie kan vlieg nie), net die volgende wenke soos vervat in die padkode: die duim moet glo in 'n sierlike halfmaan geswaai word en nie te vinnig nie; gebare bokant skouerhoogte is nie aan te beveel nie omdat dit te familiêr voorkom; probeer verder verwagtend lyk maar nie te hoopvol nie wakker maar ietwat filosofies, met 'n uitdrukking van begrip indien die motoris dalk sou verby jaag.

Hierdie raad van mnr. Oliver Walker (soos dit in die Star verskyn en saamgevat is) behoort vir die rylopers van groot waarde te wees, of wat praat ek alles? (Varia Red.)

# ONDERSTEUNERSKLUB OP PUK GESTIG

**Die S.K.S., waaronder Sokker, Korfbal, en Stoei ondersteuners hul kragte byeengebring het, het tot dusver heelwat vrugte afgewerp. Hoewel die klub eers onlangs gestig is blyk dit reeds in 'n groot mate sy doel te dien.**

### DOELSTELLINGS

Die klub se doelstellings kom kortliks neer op die volgende: naamlik dat persone wat medies ongeskik is en nie aktief aan sport kan of mag deelneem nie, dog nogtans die belangstelling daarin het, lede van die klub mag wees. Hulle word dan op indirekte wyse ingesluit vir deelname aan die betrokke sportsoort.

Dit geld natuurlik ook vir persone wat nie tyd het om aktief aan sport deel te neem nie en ook geen belangstelling toon in sport nie.

### DOEL

Die klub stel hom ten doel om die beoefening van sport en die belange van hierdie universiteit op gelyke grondslag met ander mededingende universiteite te bring. Die S.K.S.-klub stel ook sosiale aande in die vooruitsig waar die lede nader met mekaar kan kennis maak.

Die S.K.S. wil poog om die leemte op die pawiljoene aan te vul met ware P.U.-kaners wat alles in die stryd sal werp om hulle span tot oorwinning aan te spoor.

'n Goeie bewys hiervan was die stoeiwedstryd Vrydagaand, 19 Maart in die Studentesaal, toe die klublede in groot getalle opgedaag het.

### BESTUUR

Die S.K.S.-klub bestaan uit: Jan Bradley (voorsitter), Leon Wolmarans (onder-voorsitter), Rosalie de Klerk (sekretaresse), Tienie van der Walt (penningmeester), Schalk van der Walt (organiseerder), Christa Hattingh (addisionele lid).

# Rugbykaptein



**....Dave Tromp, nuwe rugbykaptein, wat in die plek van Jona Viljoen verkies is.**

*Foto: Fotokuns*



**Lede van die S.K.S.-Ondersteunersklub besig om die Pukke van af die paviljoen aan te help in die sokkerwedstryd teen Tukkies.**

*Foto: Fotokuns*

# Eerste sokker-intervarsity was suksesvol

**Die eerste sokker-intervarsity in die geskiedenis van die P.U.-sokkerklub het Saterdag, 27 Maart, op 'n hoë noot begin.**

Die wedstryd het taai maar interessante sokker opgelewer. Kort-kort het die vinnige voorspelers van Pretoria die bal tot by die Puk se doel gevoer en was dit slegs goeie pogings aan die kant van die Pukke wat van die doele afgeweer het.

### GEHALTE

Die wedstryd self het bewys gelewer dat die Puk se sokkerklub begin het om die gehalte van hulle spel aansienlik te verbeter.

### VERLOOP


**Tuks het die eerste bloed gerulk, maar die Puk het verbete teruggeveg en twee doele kort na mekaar aangeteken.**

**Met rustyd het die Puk met twee doele teen een voorgeloop.**

Tuks het egter teen die verloop van die spel 'n tweede doel behaal en die algemene verwagting was dat die wedstryd onbeslis sou eindig.

### PUKKE MAAK FOUT

'n Paar minute voor die eindfluitjie geblaas het, het die Pukke 'n fout binne hulle eie doelgebied begaan en het die Pretorianers die kans benut en ook die wedstryd beklink met drie doele teenoor die twee van die Pukke.



**Prof. Jan van der Merwe word aan die Puk-sokkerspan, net voor die wedstryd teen Tukkies, voorgestel. Johan van Wyk, die kaptein van die Eerstespan, kyk belangstellend toe.**

*Foto: Fotokuns*

## Gimnastiekkamp

Die Gimnastiekklub is van voorneme om gedurende die Aprilvakansie 'n kamp op Rustenburg by te woon. Ongeveer 20 lede sal die kamp bywoon.

Alle belangstellendes word deur die gimnastiekbestuur versoek om die oefeninge op Dinsdae- en Donderdae-aande by te woon. Tydens die kamp sal die Pukgimnaste hulle voorberei vir die W.Tvl.-Gradekompetisie.

Veral eerstejaars wat belangstel in hierdie estetiese sportsoort word versoek om die oefeninge by te woon.

# BEKENDE SPORTMAN KRY DOKTORSGRAAD

**Een van die bekendste sportmanne aan die Puk, Wynand Jacobus Putter, het Saterdag sy doktorsgraad in Liggaamlike Opvoeding verwerf. Sy proefskrif handel oor die liggaamlike geskiktheid van blanke en nie-blanke mans.**

Dr. Putter is in die distrik Nylstroom gebore en het aan die Hoërskool Nylstroom gematrikuleer. In 1952 skryf hy in aan die P.U. vir C. H. O. en behaal drie jaar later die graad B.A.

In 1965 het hy U.O.D. ontvang en word in 1957 as dosent in die Departement Liggaamlike Opvoeding aangestel. Dr. Putter het die Honns. B.A. in 1959 met onderskeiding verwerf en in 1961 die graad M.P. Ed.

Dr. Putter het in 1956 vir die eerstespan rugby gespeel en het ook vir die Puk aan verskeie stoeiwedstryde deelgeneem. Hy was ook kaptein van die Puk se tennisspan. In 1960 het dr. Putter die eerste plek op die interuniversitêre gimnastiekkampioenskap behaal en in 1964 het hy die Protea-kleure in gimnastiek verwerf. Dr. Putter is 'n broer van die bekende Springbokrugbyspeler, Dick Putter.

## DAMES HOU VAN SKERM

Hoewel die Skermklub nie met groot getalle begin het nie, toon hulle nietemin goele moontlikhede vir die komende jaar. Met 'n ietwat gedempte entoesiasme het die oorgeblewe kern sake volgehou en is daar baie in die vooruitsig gestel vir die nuwe jaar.

Tans word nuwelinge touwys gemaak in die skermkuns. Dit is veral onder die dames waar die belangstelling baie gesond is en anders as in vorige jare, bestaan die grootste gedeelte van die klub uit dames.

Daar word wedstryde teen drie klubs in Johannesburg en teen minstens twee klubs in Pretoria in die vooruitsig gestel.


Pelikan

die pen waarop u altyd kan staatmaak

...omdat sy eksklusiewe THERMIC-INK-REËLAAR* 'n enalige inktoevoer verseker . . . omdat hy nooit klad, nooit lek nie, altyd skoon skryf. En die nuwe Pelikan 'Cartridge'-pen het 'n bykomende voordeel — 'n reserwe-ink „Cartridge". U ink raak nooit skielik op nie . . . u hande nooit vuil nie. Daar's 'n Pelikan om u hand en u beursie te pas — van R2.75 tot R95.00. Keuse van 16 verskillende punte.



*(Deur patent beskerm)

Verkrygbaar by alle vooraanstaande winkels. Verteenwoordiger in Suider-Afrika — F. von Rein, Posbus 491, Port Elizabeth.

PNB1659A

# Pukke speel slordig op eie veld teen die Proefplaas

**IN 'N UITERS saai en swak wedstryd verlede Woensdagmiddag het die eerstespan van die Proefplaas daarin geslaag om die Puk op hulle tuiswerf met 8 — 6 te verslaan.**

Dit was veral die Pukspelers wat hulle skuldig gemaak het aan swak spel en hopelose hantering. Die hele wedstryd het getuig van gebrek aan slaankrag aan die kant van die P.U. agterlyn.

Een ding is seker en dit is dat daar drastiese verandering sal moet intree in die oefeninge indien Intervarsity ooit gewen wil word. Samespel en die nodige vuur ontbreek geheel en al. Na verlede Saterdag se vertoning teen Rustenburg is so 'n vertoning allermins verwag en dit nogal van 'n span wat op papier as redelik gedug bestempel kon word.

**RESERWELIGA**

Proefplaas, wat in die Reserweliga speel, het hulle goed van hulle taak gekwyt en was slegs ongelukkig om nie nog meer punte te kry nie. Sukses aan die kant van die Proefplaas kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat hulle meer op die losballe gekonsentreer het, en elke beweging is uitgevoer met 'n doel.

**TAAI WEDSTRYD**

In die voorwedstryde het die Tweedespan in 'n harde en taai wedstryd daarin geslaag om met 13 — 3 as oorwinnaars van die veld te stap. Die wedstryd is gekenmerk deur 'n taai voorspelerstryd waar die Pukke met eer uit die stryd getree het. Die agterlyn het met tye mooi genael en dit was veral Attie Badenhorst wat die oog gevang het.

**BOONSTE RAKKE**

Met rugby uit die boonste rakke het die O/20's daarin geslaag om met 64-3 te wen.

## Piet Goosen stoei weer goed

Die stoeispan van die Pukke het hulle eerste toernooi van die jaar teen Pote met agt gevegte teenoor vyf gewen. Die Pote het in die ligter gewigsafdelings op een stadium met drie gevegte voorgeloop.

Die toernooi is gekenmerk deur vinnige, vaardige stoei waarvan die baie gevegte wat met valle gewen is getuig.

Die junior Springbok, van die Puk, Piet Goosen, het vir die hoogtepunt van die aand gesorg toe hy daarin geslaag het om sy baie swaarder teenstander met 'n val te klop.

'n Herontmoeting tussen die twee spanne sal op 27 Mei plaasvind en op 8 Mei word daar met die kampioenspan van Tukkies kragte gemeet.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.**

## KARATE OP PUK

In 'n onlangse uitgawe van „Die S.A. Student" berig dat die Heidelbergse Onderwyskollege die eerste was om met karate te begin — op die Puk is vanjaar egter reeds goeie vordering gemaak op hierdie gebied en die nuwe sportsoort werf nog daagliks nuwe lede.

**Aangesien die sportsoort vanjaar vir die eerste keer hier beoefen word, is daar nog geen amptelike klub gestig nie en sal die Studenteraad waarskynlik genader word om erkenning van so 'n liggaam.**

Die Karate-manne hoop om binnekort 'n instrukteur uit Johannesburg te kry vir moontlike afrigting. Hulle oefen op Maandag- en Woensdagaande en Saterdagoggende.

## Judomanne haal span

**Drie Pukke is ingesluit in die voorlopige Wes - Transvaalsespan wat op 3 April teen die Vrystaat kragte meet.**

**Hulle is:** Willie van Aarde, Louis van Wyk en Tys Lourens

## Koshuisrugby sprankel

Die botsing tussen Over de Voor en Taaibos van Tukkies het Saterdag 20 Maart sprankelende spel opgelewer. Daar is andermaal bewys dat deur die bal rond te gooi, veel bereik kan word. Die wedstryd het getuig van konstruktiewe spel en beplande taktiek. Deur van elke moontlike kans gebruik te maak het die Pukke daarin geslaag om die manne van Tukkies met 29-6 te oorrompel. Die telling was 'n getroue weergawe van die dag se spel.

**SAAMGESPEEL**

Die span het as geheel pragtig saamgespeel, dog enkele spelers het die oog telkemale gevang. Onder die agterspelers moet die name van Koos en Andries du Plooy beslis genoem word. Die twee manne gaan nog baie van hulle laat hoor. Eugene Kruger het bewys dat hy een van die bestes is wat die Puk op die losskakelposisie besit. Die voorspelers het pragtig saamgejag en hier was dit veral Leon de Bruin en Gawie Yssel wat gereeld die voortou geneem het.

Die uitslae was soos volg. Eerstespanne: Over de Voor 29 Taaibos 6., Tweedespanne: Over de Voor 6 Taaibos 10, O/19's Over de Voor 8 Taaibos 3.



'n Tipiese voorhandhou van Piet van der Walt, die Puk se nommer een tafeltennisspeler.

*Foto: Fotokuns*

## Tafeltennisspelers Laat Spanne Bontstaan

**DIE P.U.-Tafeltennisklub het reeds vroeg vanjaar getoon dat U.O.V.S. gaan bontstaan, toe die eerstespan afgereken het met verlede jaar se liga-wenners, Leon Lewis.**

Die Pukke het geseëvier met 7 wedstryde teenoor 3. Pieter van der Walt (2de jaar) en Toppie Markgraaff het albei naelskraap verloor teen die voormalige S.A.-Universiteite kampioen dr. Caplan. Saam met die kaptein en derde speler van die span, Piet Marais, het die drie spelers ook afgereken met Stilfontein en Klerksdorp met tellings van 7-3 en 8-2, onderskeidelik. Die troefkaart van die Pukke is seker Piet van der Walt met sy sweepslaghandrughou. Hy en Toppie Markgraaff het nog nie hul gelyke in die mansdubbel toëgekom nie.

**MAAK OPGANG**

Ander spelers wat opgang maak is Guillaume Uys en onder die dames veral Femke Rumpff. Die standaard in die 3de, 4de en 5de spanne het ook aansienlik opgeskuif.

Dit is verblydend dat daar sprake is van 'n koshuisliga. Tot dusver was die tekort aan dergelike sportfasiliteite in ons koshuise 'n leemte en so 'n liga kan baie meehelp tot beter ondersteuning van ons sportklubs.

**KAAPSTAD TOE**

Die Puk stuur ook vanjaar 'n mansspan na die Inter-universitêre toernooi in Kaapstad en indien fondse beskikbaar is ook 'n damesspan.

Die tafeltennisklub wil daarmee spog dat hulle lede werf op 'n besondere wyse, naamlik 'n gesonde kompetisie-gees en 'n mooi verhouding onderling tussen spelers.

Die standaard van die klub sal baie verhoog word indien daar beter belangstelling van die kant van die dames verkry kan word. Beginners word deur die seniorspelers touwys gemaak.

Oefening vind plaas op Maandae en Woensdae vanaf 3 nm. tot 5.30 nm.

## Pukke Speel Rugby Op Rustenburg

**VIER RUGBYSPANNE van die Puk het op Saterdag 27 Maart na Rustenburg gereis om hulle eerste wedstryde van die seisoen te speel.**

Rustenburg spog vanjaar met 'n besonder sterk span, wat aangevoer word deur Koos Bezuidenhout, 'n ou bekende in Wes-Transvaalse voetbalkringe.

Die Pukke het deeglik onder die indruk van die tuisspan se krag gekom, en is oorrompel met 23 — 11. In die guns van die Pukke moet gesê word dat die span van Potchefstroom erg verswak was as gevolg van ses onttrekkinge, en daarby was dit ook die eerste wedstryd van die seisoen.

Uitblinkers aan die Pukke se kant was Monty Jacobs wat puik gespeel het in die heelagter posisie. 'n Ander agterspeler wat telkens die oog gevang het was Klasie Havenga op senter. Onder voorspelers kan daar haas geen name uitgesonder word nie, dog die name van Roelf du Plessis, Dave Tromp, en André Barnard verdien spesiale vermelding. Pukke se punte is aangeteken deur Gawie Yssel (drie), Chris Siebert (drie), en Monty Jacobs ('n straf- en vervyfskop).

**ANDER UITSLAE**

Die ander spanne se uitslae was: Tweede spanne: Rustenburg 21 Puk 5, O/20 A: Puk 24 Rustenburg 6, 0/20 B: Puk 6 Rustenburg 0.



**Wie wil nou nie 'n tasbare aandenking van die Alma Mater hê nie, en wat pas die student se smaak en sak beter as die bekers en asbakkies met die Puk-wapen op?**

**Hierdie aandenkings is van porselein vervaardig en kan nou teen verminderde prys in die Kafeteria gekoop word.**

**Bekers was R.75 — Nou slegs R.45.; Asbakkies was R.55 — Nou slegs R.30.**

*Foto: Fotokuns*

## Swak gedrag en partytjiegees oorheers rugby

DIE endtelling van 8 — 6 in die guns van die Aptekers in hul rugbywedstryd teen Regte op Saterdag 20 Maart, is hoegenaamd nie 'n getroue weergawe van die spel nie. Voor, tydens en na die spel het daar buitendien dinge plaasgevind wat die aandag van ons nasionale keurders verdien of ten minste dié van mnr. Hans van Zyl.

**ONKUNDIG**

Regte het begin met sewentien man teen sestien, want mnre. Coetzee en Van Zyl was onderskeidelik skeidsregter en grensregter, terwyl Aptekers se grensregter meer binne die grens as buite die grens was. Daarna het die telling lank op 6-0 in die guns van Regte gestaan, danksy twee drieë deur Roos, een waarvan hy gedruk het terwyl Regte onkant was en die skeidsregter onkundig was.

Na rustyd het Aptekers die telling na 6 — 5 teen hulle verander, hoofsaaklik omdat drie van hul spelers nie die vorige aand op die voorgeskrewe partytjie was nie en die wind die pale om die bal heengeswaai het.

**GENEESHEER — APTEKERS**

Omdat die skeidsregter kon bybly, maak daarna 'n totale gebrek aan wind gehad het om die fluitjie te blaas, het hy die wedstryd 'n minuut oor die vasgestelde tyd laat voortduur. Toe hierdie laaste drietjie deur Aptekers gedruk is en nie vervyf kon word nie, kon die skeidsregter eers, bloot omdat hy gesug het terwyl hy die fluitjie in sy mond gehad het, die einde van die wedstryd aankondig.

Ongelukkig was daar drie beserings, twee aan Regte se kant en een aan Aptekers se kant, met die gevolg dat Regte se grensregter geneesheer-apteker moes speel in plaas van die vlag vashou. Dit het die spel sodanig beïnvloed dat Regte die beseerdes moes laat behandel en so na die wedstryd Aptekers se werk moes oorneem.

**SWAK GEDRAG**

Die gedrag van die groot aantal toeskouers was ook nie na wense nie, omdat eintlike ondersteuners van Aptekers die spelers mislei het deur Regte aan te moedig.

Die wedstryd het, om alles te kroon, getoon dat Regte geen voetbalreëls ken nie en dat Aptekers geen aanvaarbare voorskrifte vir rugby het nie.

Miskien was die wedstryd, om al hierdie redes, uiters aangenaam om gewoonweg na te kyk en behoort dit herhaal te word.